

This leads one to hypothesise that an additional, possibly unique mutation, that is probably located in the POLLED gene is also influencing the horn/poll status in the Tuli Sanga breed.

A genome-wide association looks at mutations in the genomic information that may be highly associated with a specific phenotype. Here we looked at only polled Tuli animals with genotypes including HH, PH and PP for the Celtic variant as we assume that this is not the mutation controlling this phenotype. The resulting peak of association on Chromosome 1 (Figure 1), directly in the POLLED gene region, is an indication that a unique, breed or Sanga-type specific mutation is present in the POLLED gene.

The analysis indicates that the mutation dictating polledness in the Tuli Sanga cattle is in the POLLED gene, as are currently all four known mutations in various breeds and types. This plays into the idea that there is a separate mutation that influences the expression of horn/poll status at a phenotype level. These findings warrant further research and investigation of this unique occurrence at a whole-genome level in order to identify the true underlying genetic mechanism for polledness in Tuli Sanga cattle.




Figure 1: A Manhattan plot indicating the association of polledness in Tuli cattle to be on chromosome 1.

In summary, polledness in cattle is due to mutations within one specific gene, the POLLED gene. Separate mutations in this gene all result in the animal being polled, although a unique mutation within the Tuli Sanga breed is possible as the Celtic variant does not seem to be the sole determinant of polledness in some Tuli animals. ▪

References:

Grobler, R., Visser, C., Capitan, A., & van Marle-Köster, E. 2018. *Validation of the POLLED Celtic variant in South African Bonsmara and Drakensberger beef cattle breeds.* Livest Sci 217, 136–139.

Nicholas, J. E., Tammen, I., & Sydney Informatics Hub. 2023. OMIA:0004839913: *Online Mendelian Inheritance of Animals (OMIA).*



Knowledge grows

Hulle sal hulle lippe aflek ...

Winterlek

Roumateriale	Beeslek	Skaaplek
	kg/mengsel	
Mielie-meel/Hominy chop	250	250
Oliekoek	-	150
Voergraad Ureum	150	100
Kimtrafos 12 Grandé/PhosSure 12	150	100
Kalori 3000	50	50
Voergraad Swael	7	5
Sout	350	350
Totaal	957	1 005
Benaderde samestelling	g/kg	g/kg
Ruproteïen	475	367
Inname beeste (g/bees/dag)	350-500	450-650
Inname skape (g/skaap/dag)	Nie geskik nie	80-120

www.yara.co.za/animal-nutrition/

animal.nutrition.sa@yara.com | Tel: +27 (0)31 910-5100

Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2001/025850/07


Kimtrafos 12 Grandé Reg. Nr: V18670, PhosSure 12 Reg. Nr: V12858, Kalori 3000 Reg. Nr: V2809,

Voergraad Swael Reg. Nr: V16738, Voergraad Ureum Reg. Nr: V15681. (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947.)



TOP produk vir 'n TOP kudde

BROWSE PLUS®
DIGESTIVE MODIFIER



MAKSIMUM benutting
van beskikbare veld en plantmateriaal vir
MAKSIMUM prestasie

For Animal Use Only

Browse Plus, Composition: Polyethylene Glycol 930 g, Excipients 70 g, (Polyvinylpyrrolidone/Calcium Hydroxide/Dry powdered molasses stillate),
Reg. No. V11013 (Act 36/1947), Namibia Reg. No. N-FF 0482

© 04/2024 Virbac S.A. All rights reserved.

Virbac RSA (Pty) Ltd (Reg. No. 1990/003743/07) Private Reg X115,
Halfway House 1685, Tel: 012 657 6000, Fax: 086 565 7208
ca.virbac.com

Shaping the future
of animal health

Virbac

OORWINTERINGSBEPLANNING

vir beeste

kardinaal om **optimale** diereproduksie te verseker



Beplanning rakende die oorwintering van vee word soms agterweë gelaat totdat die winter reeds op ons is. Dit laat 'n mens dan met min tyd en opsies om aan te pas, wat weer 'n negatiewe invloed kan hê op die optimale oorwintering van beeste.

Die huidige seisoen het in sekere streke vroeg uit die blokke gekom met vroeë lentreë, opgevolg deur 'n "droogteperiode" voordat dit weer so gereën het dat die aanplant van somergewasse in aanvang kon neem teen laat November/Desember. Ander streke was minder gelukkig met reën en opvolgreën wat nogsteeds skaars is. Daarom is dit belangrik dat ons vroegtydig kyk na die oorwintering van vee.

Van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word is die volgende:

RUVOER

BESKIKBAARHEID (KWANTITEIT)

van ruvoer vir die winter - met ander woorde, hoeveel diere kan oorwinter word.

Indien **natuurlike weiding** die hoofbron van ruvoer is vir oorwintering en spaarkampe vroeër as normaalweg benut moet word, weet ons dat die hoeveelheid ruvoer vir oorwintering beperkend gaan wees.

Waar oorwintering op **oesreste** geskoei is, speel die hoeveelheid materiaal wat na afloop van die oesproses beskikbaar is ook 'n belangrike rol. Gewasse wat nie goed uitgegroeï het nie of een of ander tyd tydens die groeiseisoen aan droogtestres blootgestel was, sal 'n laer drakrag hê. →

Indien **hooi** 'n sleutelrol speel in oorwintering, moet die hoeveelheid hooi wat gemaak word deur die somer in ag geneem word. Indien daar nie die normale hoeveelheid hooi gemaak kon word nie, moet ekstra hooi vroegtydig ingekoop word (indien daar nie 'n voerbank van vorige jare is nie).

Die maak van **kuilvoer** kan ook oorweeg word as 'n alternatiewe bron van ruvoer vir die winter vir boere wat mielies geplant het. Alhoewel die kwaliteit van "droogtekuilvoer" nie optimaal gaan wees nie, kan dit dalk meer werd wees as ruvoer as om dit te probeer oes.

Dit is dus belangrik om vroegtydig 'n moontlike tekort aan ruvoer te identifiseer. Een van die maniere om dit te help voorkom, is om uitskotdiere/swak presteerders reeds voor die winter te bemark of self af te rond om die druk te verlig. Die huur van ekstra weiding is ook 'n opsie, alhoewel dit met kostes en logistieke probleme gepaard gaan.

KWALITEIT (VOEDINGSWAARDE)

van die ruvoer - hoe dit aan die vee se **voedingsbehoefte** kan voorsien.

Goeie reënval gedurende die somer kan gras vroeër laat uitgroeï en 'n swakker kwaliteit tot gevolg hê. Dieselfde kan gebeur met hooi wat as gevolg van weersomstandighede nie op die optimale groeistadium gesny kan word nie, of nie vinnig genoeg gebaal kan word nie en sodoende voedingswaarde verloor.

Iets waarvoor nie voor die tyd beplan kan word nie, maar in gedagte gehou moet word, is dat die kwaliteit van oesreste nadelig geraak word met reën wat na oestyd voorkom.

Die kwaliteit van kuilvoer hang van 'n paar faktore af waarvan die graan/vegetatiewe verhouding belangrik is. Hoe meer graan, hoe hoër die kwaliteit (voedingswaarde). Die effektiwiteit van die inkuilproses is ook van kardinale belang en moet korrek plaasvind om die beste moontlike kwaliteit kuilvoer te verseker. Die kwaliteit van droogtekuilvoer kan verhoog word deur sekere byvoegings tydens die inkuilproses in te sluit. Raadpleeg 'n kundige op hierdie gebied vir die beste raad.

“ Swakker gehalte ruvoer sal noodwendig lei tot 'n aanpassing in die aanvullingsprogram, deurdat daar vroeër met aanvulling begin moet word en verhoogde innames verwag kan word. ”

AANVULLINGS

Beskikbaarheid - hetsy aanvullings self gemeng word of daar van kommersieël beskikbare opsies gebruik gemaak word, moet beplanning vroegtydig plaasvind. Bepaal so akkuraat as moontlik, met inagneming van getalle en verwagte innames, hoeveel van wat benodig gaan word vir die duur van die winter. Plaas bestellings vroegtydig om seker te maak dat die aanvullings betyds beskikbaar is en daar nie 'n tekort ontstaan gedurende die winter nie.



Keuse van aanvulling

Proteïenlek - proteïen is gewoonlik die eerste beperkende voedingstof met 'n afname in die kwaliteit van die ruvoer. Dit lei daartoe dat daar nie genoeg "kos" (stikstof) vir die rumenmikrobes beskikbaar is om hul primêre funksie van veselvertering optimaal te vervul nie. NB. Dit kan selfs gebeur al vertoon die gras nog "groen". Sodra die beeste se mis verander vanaf sag en groen, na stewig/droog en donker van kleur, weet ons dat die rumen(mikrobes) nie meer optimaal funksioneer nie en dat aanvulling dringend nodig is om verlies aan kondisie te beperk. Dit word hoofsaaklik gedoen deur die gee van 'n NPN (ureum) gebaseerde lek, wat ook minerale/vitamine en 'n beperkte hoeveelheid energie mag bevat. Tipiese innames vir 'n proteïenlek wat 450g/kg proteïen bevat, kan na gelang van omstandighede, wissel van 400g tot 550g/bees/dag.

Produksielek - bevat benewens proteïen en minerale/vitamiene, ook energie wat nodig sal wees wanneer die kondisie van beeste noemenswaardig verswak en/of die hoeveelheid weiding beperkend raak - veral vir koeie wat laatdragtig/lakterend is. 'n Produksielek behoort voorsien te word totdat daar genoeg vreetbare materiaal in die lente/somer beskikbaar is. Tipiese innames vir 'n produksielek wat 250g/kg proteïen en 8 MJ ME/kg se energie bevat, kan na gelang van omstandighede wissel van 1kg tot 1.8kg/bees/dag.

Verteringsmodifiseerder - die insluiting van 'n verteringsmodifiseerder in beide proteïen- en produksielekke, kan die optimale benutting van ruvoer komplimenteer. Dit ondersteun die funksionering van rumenmikrobes deur die neutralisering van die negatiewe effek wat tanniene, harse en terpene kan hê op die rumenmikrobes. Dit is veral handig waar 'n struik-/boskomponent deel uitmaak van die weiding, maar positiewe terugvoer met aanvulling op gras en oesreste is ook algemeen. Laer kwaliteit ruvoer word beter benut en beeste lê nie meeste van die tyd by die lekbakke nie.

Indien die inname van die aanvullings hoër is as die aanbevole inname, is dit gewoonlik as gevolg van een van twee redes - of die gehalte (kwaliteit) van die weiding is swakker as verwag, of die ruvoer raak beperkend. Die praktyk om dan meer sout in te meng om die inname af te bring, kan die kondisie van die diere vinnig laat verswak en word nie oor die algemeen aanbeveel nie.

Die belangrikheid van liggaamskondisie

Die belangrikste faktor in omstandighede waar die kwaliteit van ruvoer twyfelagtig kan wees, is om **tydig** te begin met die **regte aanvulling** en **inname** te monitor, om die liggaamskondisie van die diere so vóór as moontlik deur die winter te behou, of minstens die afname in liggaamskondisie te beperk.

Liggaamskondisie is die hoofdrywer van reproduksie en reproduksie is weer tot 'n groot mate die hoofdrywer van winsgewendheid in 'n veevertakking. 'n Kondisietelling van 3 tot 3.5 tydens die aanvang van die **teelseisoen** is nodig om goeie reproduksie te verseker (sien figuur 1 - Meaker, 1991). Aangesien koeie ideaal binne 90 dae na kalf herbeset moet raak om 'n TKP van minder as 400 dae te handhaaf, is die kondisie van koeie met **kalwing** van kritiese belang. In figuur 2 (Kunkle *et al*, 1998) word aangetoon hoe lank dit neem vir koeie in verskillende liggaamskondisietellings om in siklus te kom na kalwing. Koeie, veral die wat in die laatwinter/lente kalf, verloor maklik een kondisiepunt na kalwing. Daarom is die kondisietelling tydens kalf eintlik meer krities, aangesien koeie wat nie in 'n ideale kondisie kalf nie, baie moeilik vinnig genoeg teelkondisie gaan bereik. Nie net lei dit dan tot 'n langer TKP nie, maar ook tot 'n laer gemiddelde speenmassa met koeie wat eers laat in die teelseisoen beset raak. Vir elke dag wat 'n kalf later in die kalfseisoen gebore word, kan die kalf tot 1 kg ligter weeg met speen. (Sien figuur 3 - aangepas vanuit Houghton *et al*, 1990).

Dit is baie makliker en goedkoper om koeie se kondisie deur die loop van die winter te monitor en vroegetydig opwaarts aan te pas, indien nodig, as om kort voor kalf of nadat die koeie gekalf het hul kondisie te probeer verbeter. Begin dus eerder vroeër as later met aanvulling. Pasop om nie geflous te word deur die langer haarkleed in die winter nie! Dit maak die evaluering van kondisie moeiliker.


OPSOMMING

Bepaal vroegetydig voor die aanvang van die winter of die hoeveelheid ruvoer genoeg gaan wees om die hoeveelheid diere op die plaas mee te oorwinter. Verminder getalle of maak ander planne om meer ruvoer beskikbaar te hê indien 'n tekort verwag word. Die insluiting van 'n verteringsmodifiseer kan help om die ruvoer te "rek", deur die meer volledige benutting daarvan aan te help.

Pas aanvulling aan volgens die kwaliteit van die ruvoer. Indien die voedingswaarde onder verdenking is, moet vroeër met aanvulling begin word en hoër innames kan verwag word. Hou die mis van die diere dop as aanduiding van die gesondheid van rumenmikrobes.

Kondisie speel 'n uiters belangrike rol om goeie reproduksie te verseker. Monitor die kondisie van die diere op 'n gereelde basis en probeer om die verlies aan kondisie deur die winter te beperk. ▪

Figuur 1: Verhouding tussen kondisietelling met aanvang van teelseisoen en besettingsyfer (Meaker, 1991)



Figuur 2: Invloed van voorkalf kondisietelling op dae tot eerste hitte (Kunkle *et al*, 1998)

Voorkalf	Na-kalf interval (dae)
2	89
2.5	70
3	59
3.5	52
4	31

80 (average for 2 and 2.5)

55 (average for 3 and 3.5)


Figuur 3: Invloed van kondisietelling met kalf op 240 dae speenmassa (Houghton *et al*, 1990)

KT @ KALWING	240 DAE SPEENMASSA (kg)
2	170
2.5	209
3	234
3.5	234

IS MIELIES MIELIES?

Mielies (*Zea mays L.*), 'n inheemse Noord-Amerikaanse gewas, is in 1492 deur Christoper Columbus ontdek (Gibson en Benson, 2002) en na Europa geneem waarna dit teen 1575 tot so ver as China gestrek het. Ten spyte daarvan dat mielies as 'n Westelike halfgrond gewas beskou word, is historici dit eens dat mielies ongeveer 80000 jaar gelede in die Tehuacan vallei in Mexiko teenwoordig was (Mangelsdorf, 1940). Hierna het gekruisde kultivars versprei na die Suidelike deel van Noord-Dakota en die Noordelike dele van Suid-Amerika en groot dele van die huidige VSA. Dit is ook bekend dat mielieproduksie reeds by al die antieke Aztec, Inca en Maya beskawings van die Suidwestelike VSA voorkeur geniet het (Gibson en Benson, 2002).

Mielies word vandag wêreldwyd geproduseer en volgens die Food and Agriculture Organization van die Verenigde Nasies is daar in 2014 1.1 biljoen ton mielies wêreldwyd geproduseer (FAO, 2016). Mielies is verder verreweg die belangrikste en grootste kontantgewas wat wêreldwyd geproduseer word en dien ook as die belangrikste energiebron vir herkouers, insluitende vleisbeeste (Dihman *et al.*, 2002; Lopes *et al.*, 2009). Figuur 1 dui die verspreiding van mielieproduksie wêreldwyd aan.



Figuur 1. Wêreldwye mielieproduksie per land (FAO, 2016).






Gedurende die afgelope 2 dekades is reuse vordering in mielieproduksie met behulp van geneties gemodifiseerde kultivars (GMO) bewerkstellig. Eksponensiële opbrengsverhogings, veral weens bestandheid teen droogte en peste en plaë, is bewerkstellig (Borlaug en Dowsell, 2003).

“ Hierdie het daartoe gelei dat meer as 80% van alle mielies wat vandag in Suid-Afrika verbou word GMO mielies is.


Ongelukkig is daar nie rekening gehou met die effek daarvan op hoe vee hierdie mielies, en veral stysel, kan benut nie (Owens, 2005). ”

Mieliepitte bestaan hoofsaaklik uit beide harde- en sagte endosperm (Evers *et al.*, 1999) en die verhouding van harde tot sagte endosperm, bepaal mieliehardheid. Weens verhoogde ruminale verteerbaarheid en diereprestasie met sagte- teenoor harde mielies, word sagte mielies in herkouerdiëte verkies. Vele van die GMO kultivars lei egter tot 'n groter verhouding van harde tot sagte endosperm (Owens, 2005). Figuur 2 wys die samestelling van 'n mieliepit. Algemeen word mielies volgens die verspreiding van die endosperm geklassifiseer en word in Figuur 3 aangetoon. →



Figuur 2 Mieliepitmorfologie (Encyclopedia Britannica, 1996).

- Hard
- Soft
- ▨ Sugary
- Germ



Figuur 3 Endosperm verspreiding van die algemeen beskikbare mielies (Dickerson, 2003).




Ten spyte van betreklik baie variasie tussen endospermtipe varieer die totale styselinhoud van mielies baie min en bevat normaalweg ongeveer 75-80%. Die harde endosperm bevat verder 'n prolamin genaamd Zein wat hierdie styselmolekules saamsnoer. Zein is glad nie afbreekbaar deur normale rumenmikroorganismes soos teenwoordig in die rumenomgewing van herkouers nie. Dit lei dus tot swakker mieliebenutting en velaagde diereprestasie en vermorsing van stysel (Ngonyamo-Majee *et al.*, 2008). Ten spyte daarvan dat die beter prosessering (soos die fyner maal) van mielies die tempo van styselvertering versnel, kan dit steeds nie die prolaminbinding breek nie en lei steeds na velaagde vertering en benutting. Figuur 4 toon die verwantskap tussen mielie-hardheid en verteerbaarheid.

Verskeie ander faktore soos die ouderdom van die plant by oes of met inkuiling, kleur van die mieliekultivar

insluitende die mens, benut. Van Zyl (2017) het verder aangetoon dat mielies wat in 'n meer gematigde klimaat geproduseer word tot velaagde mielie-hardheid lei en derhalwe ook beter benutbaar deur herkouers word.

'n Baie hoë ruminale stysel-fermentasietempo kan egter tot metaboliese steurnisse, soos assidose, lei. Dus moet daar gewaak word teen hierdie metaboliese steurnis van herkouers mits hoë vlakke van, veral sagte endosperm mielies, aan beeste gevoer word.

“ In die toekoms behoort die monetêre waarde van mielies vir die gebruik by herkouers dus op mielie-hardheid gebaseer te wees. ”



Figuur 4 Verwantskap tussen mielie-hardheid en verteerbaarheid (Ngonyamo-Majee *et al.*, 2008).

soos sowel as verbouingsmetode soos omgewingsfaktore en besproeiing speel ook 'n rol in mielie-hardheid en gevolglik ook die benutbaarheid van die betrokke graan deur beeste. Navorsing deur Philippeau *et al.* (1997) het 'n 93% verband tussen mielie-hardheid en plantvolwassenheid aangetoon terwyl wit mielies gewoonlik vir die menslike mark bestem is wat spesifiek as harde endosperm ontwikkel word om hoër vlakke van opbrengs tydens die maal van mielie-meel te lewer. Harde mielies lei dus tot verhoogde mielie-meelopbrengs en minder horminy chop en dus hoër inkomste aan die meulenaar. In teenstelling met herkouers, word hierdie harder endosperm maklik deur die laer pH van die maag van enkelmaagspesies,

Die Universiteit van Stellenbosch is dan juis tans besig om so mieliekwaliteitsindeks vir herkouers te ontwikkel.

Dit is dus baie duidelik dat mielies nie mielies is nie. Produsente behoort dus noukeurig die tipe mielies te beoordeel ten einde optimale diereprestasie te verseker en om styselvermorsing te voorkom. In oorleg met die hardheid, behoort die maal/breek van die graan dus ook aangepas word ten einde die diereprestasie te optimaliseer.

Hierdie fyn balans tussen mieliehardheid en prosesering is veral van belang by sisteme waar hoë insluiting van mielies gebruik word soos in voerkrale. ▪

MOPANI

Tuli Stud



TULI - the breed that has it ALL



Tom Roberts +260-977-430930 | Nyreen Roberts +260-977-772043 Email chikupiestates@yahoo.com

Bronne

Borlaug, N.E., and Dowsnell, C.R. 2003. *In the Wake of the Double Helix: From the Green Revolution to the Gene Revolution*. Pages 3-23 in Proc. of the International Congress 27-31 May 2003. Avenue media. Bologna, Italy.

Dickerson, G.W. 2003. *Speciality corns*. Cooperative extension service. New Mexico state Univ. Collage of Agriculture and home economics. Guide H-232.

Dihman, T.R., Zaman, M.S., MacQueen, I.S. and Boman, R.L. 2002. *Influence of corn processing and frequency of feeding on cow performance*. J. Dairy Sci. 85: 217-226.

Encyclopedia Britannica Inc. 1996. Accessed Jan. 28, 2024. <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/103350/cereal-processing>.
Evers, A.D., Blakeney, A.B. and O'Brien, L.O. 1999. *Cereal structure and composition*. Aust. J. Agric. Res. 50: 629-650.

FOA. 2016. FAOSTAT, *Crop production*. Accessed Apr. 22, 2016. <http://faostat3.fao.org/download/Q/QC/E>.

Gibson, L. and Benson, G. 2002. *Origin, history, and uses of corn (Zea mays)*. Accessed Jan. 16, 2016. http://www.agron.iastate.edu/courses/argon212/readings/corn_history.htm

Lopes, J.C., Shaver, R.D., Hoffman, P.C., Akins, M.S., S. J. Bertics, H. Gencoglu, and J. G. Coors. 2009. *Type of corn endosperm influences nutrient digestibility in lactating dairy cows*. J. Dairy Sci. 92: 4541-4548.
Mangelsdorf, P.C. 1940. *Origins of Maize*. Nature. 146, 338.
Ngonyamo-Majee, D., R. D. Shaver, J. G. Coors, D. Sapienza, and J. G. Lauer. 2008b. *Relationships between kernel vitreousness and dry matter degradability for diverse corn germ plasm. II. Ruminant and post-ruminant degradabilities*. Anim. Feed Sci. Technol. 142: 259-274.



Ngonyamo-Majee, D., Shaver, R.D., Coors, J.G., Sapienza, D., Correa, D.E.S., Lauer, J.G. and Berzaghi, P. 2008a. *Relationships between kernel vitreousness and dry matter degradability for diverse corn germplasm. I. Development of near-infrared reflectance spectroscopy calibrations*. Anim. Feed Sci. Technol. 142: 247-258.

Owens, F. 2005. *Corn genetics and animal feeding value*. Pages 20-21 in 66th Minnesota Nutrition Conf., St. Paul, MN.

Philippeau, C. and Michalet-Doreeau, B. 1997. *Influence of genotype and stage of maturity of maize on rate of ruminal starch degradation*. Anim. Feed Sci. Technol. 68: 25-35.

Van Zyl, J.H.C. 2017. *The effect of maize vitreousness and a starch binder on in vitro fermentation parameters and starch digestibility in dairy cows*. PhD thesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Dink nuut en vars oor

VELDBESTUUR

DIEREVOEDING



Neem kennis van dit wat **onder die grond** aangaan.



Daar word vertel dat Albert Einstein nooit enige eksamen vrae meer as eenkeer in sy eksamen vraestelle gebruik het nie, behalwe een keer. Sy assistent aan die Princeton Universiteit het altyd die prof se vraestelle nagegaan voordat dit na die drukkers gestuur is. Een jaar het hy opgemerk dat Einstein een van die vorige jare se vraestelle net so vir sy studente wou aanbied vir die eksamen. Hy het gedink dat die verstrooide proffie dalk 'n fout begaan het en het hom daarvoor gepols. "Nee," was Einstein se antwoord, "dit is korrek so, die vrae is dieselfde as in die vorige jaar, maar die antwoorde het intussen verander".

Die vrae rondom hoe om veld optimaal te bestuur en steeds maksimum wins daaruit te maak, is nog altyd dieselfde. Dit is net die antwoorde wat intussen verander het, aangesien daar die afgelope 10 tot 15 jaar soveel nuwe kennis na vore gekom het, veral met betrekking tot die belangrikheid van wat onder die grond aangaan.


In die verlede was die fokus van veld – en kuddebestuur hoofsaaklik gerig op die plante, die reënval, die weidende dier, asook aanvullende voeding en byvoeding. In terme van die plante was die fokus meestal op die hoeveelheid en kwaliteit voer wat dit kan produseer, die drakrag, en die invloed wat reënval daarop het. By die diere is daar gefokus op die teling en seleksie. In die geval van voeding het die fokus geval op wat uit 'n sak of bottel aangevul kan/moet word om te voorsien wat die veld nie kan voorsien nie. Hierdie fokus-areas is ook meestal in afsondering van mekaar gesien en nie as deel van 'n groter geheel nie. Boonop is die grond as 'n bykans inert (lewelose, onaktiewe, passiewe) groeimedium beskou, waarin die plante hulself anker, en waarvandaan hulle hul water en minerale onttrek.

Om terug te keer na die storie van Albert Einstein, wat het dan intussen verander? Ons weet vandag dat die grond baie meer is as net 'n inert groeimedium waar plante hulself anker, en hul water en voeding vandaan onttrek. Intendeel, die plante en die organismes wat in en tussen die plante se wortels leef (bekend as die grond se mikrobiom), is interafhanklik van mekaar. Trouens, die een kan nie sonder die ander bestaan en/of maksimaal funksioneer nie.

***Daar is dus 'n nuwe benadering
waarvan kennis geneem moet word.
Wat bogronds gebeur, beïnvloed dit
wat ondergronds gebeur, en omgekeerd.***

Die komponente van hierdie nuwe ekosisteem benadering word so eenvoudig moontlik in Figuur 1 geïllustreer/uitbeeld.→

Figuur 1: Voorstelling van die elemente van die weiding-ekosisteem



Bogronde

Water is lewe en alle lewende organismes benodig water. Daarom is een van die belangrikste bogronde skakels om soveel as moontlik van die jaarlikse neerslag (reën, sneeu, hael, ysreën) in die grond te kry en so min moontlik daarvan te laat wegloop. Ons weet dat water in 'n siklus verkeer binne die natuur en dat dit wat infiltreer in die grond, uiteindelik weer terug sal gaan na die atmosfeer om hersirkuleer te word. Die tweede skakel is dus om te verseker dat die water wat terug gaan na die atmosfeer, produktief gebruik word in die proses.

Water wat vanaf 'n onbedekte grond verdamp is 'n groot verlies vir die veeboer. Die doelwit is dat die water eerder via 'n plant terug gaan na die atmosfeer, wat as transpirasie bekend staan. Net soos water wat verdamp 'n verlies is vir die veeboer, is transpirasie via plante wat 'n klein bydrae lewer tot die produksie van groot hoeveelhede, goeie kwaliteit voer, ook 'n groot verlies vir die veeboer.

Voorbeelde van sulke plante is verdigter en indringer bosspesies en onsmaklike plante van lae gehalte en produksievermoë. Die goeie bestuur van die watersiklus is dus van kardinale belang vir enige veeboer.

Groen plante besit die vermoë om te fotosinteseer. Fotosintese kan gelyk gestel met 'n kos fabriek, waar die plant water neem, dit kombineer met koolstof (CO₂) met behulp van energie wat deur die son verskaf word, en in die proses suikers (bron van energie) en aminosure produseer. Die basiese boustone van hierdie suikers en aminosure is koolstof (C – afkomstig vanaf die CO₂), waterstof (H – afkomstig vanaf die water H₂O) en suurstof (O₂ – afkomstig vanaf die lug, CO₂ en H₂O). Hierdie suiker-molekules en aminosure bevat al die boustone van lewe op aarde, wat bestaan uit C, H, O en 'n hele reeks van minerale, wat onder andere stikstof (N) en fosfor (P) insluit.

'n Groot persentasie van die suikers en aminosure wat die plante produseer, gebruik hulle om self te kan groei en reproduseer. Wanneer die vee op die plaas die plante op hul beurt vreet, kom die suikers (energie) en aminosure weer vir hulle beskikbaar om te kan groei en produseer (wat reproduksie insluit).

'n Gedeelte van die suikers en aminosure wat die plante produseer, gaan egter na die plantwortels – en dit is hierdie suikers en aminosure wat as voedingsbron dien vir die lewe wat in die grond voorkom.

Ondergronds

Daar bestaan 'n ryke verskeidenheid van lewensvorme in die grond, wat insluit bakterieë, arkea (eensellige organismes wat in die verlede as bakterieë geklassifiseer is) en swamme. Hierdie konsortium van lewende organismes staan bekend as die grond se **mikrobiom**. Hierdie organismes, het, net soos alle lewende organismes, energie nodig, maar besit nie die vermoë om dit self te vervaardig nie (soos groen plante nie).

Die vraag is nou, waar kom hulle energie vir oorlewing, groei en reproduksie vandaan? Dit is presies hier waar ons heeltemal nuut oor die weiding-ekosisteem moet begin dink. Soos reeds genoem translokeer plante 'n gedeelte van die suikers en aminosure wat hulle produseer na hul wortels. In die wortels word 'n deel daarvan vir wortel groei aangewend. Die res word uitgeskei en staan bekend as **wortel afskeidings** (op Engels **exudates**) (sien Foto 1). Die swamme, bakterieë en arkea wat lewe in die plante se wortelsone (ook bekend as die **rhizosfeer**) gebruik hierdie wortel afskeidings as hul bron van energie.

Die **bakterieë** en **arkea** wat in die wortelsone van die plant lewe, skei gomme en harse af wat veroorsaak dat daar 'n

skede van grond partikels rondom die wortels vorm. Dit staan as 'n **wortelskede** bekend (op Engels **rhizosphere**) (sien Foto 2). Die toestande binne hierdie wortelskede is hoog in energie en vog, en laag in suurstof, wat baie mikro-organismes vriendelik is. Die bakterieë en arkeë lewe gevolglik binne hierdie wortelskedes en voed op die wortel afskeidings. Hierdie wortelskede mikro-organismes besit die vermoë om lug stikstof (N₂) te bind, wat beteken dat hulle die verbinding tussen die twee N-molekules breek, wat dan die N uiteindelik in 'n opneembare organiese vorm vir die plant beskikbaar stel. Netso, beskik die wortelskede mikrobiom oor die vermoë om P wat aan ander minerale gebind is (byvoorbeeld kalsium – Ca), te ontbondel en as maklik opneembare organiese P aan die plant beskikbaar te stel. Ons weet dat N en P belangrike boustene van aminosure en dus proteïene is. Dit is dus voor die hand liggend dat die mikrobiom wat in die wortelskedes lewe, 'n baie groot invloed op die bogrondse voerproduksie se kwaliteit uitoefen, wat 'n baie groot invloed op diervoeding het. 'n Derde voordeel van die wortelskede mikrobiom, is dat dit die C in die wortel afskeidings in hul liggame inbou, wat dan deel word van die grond se C-inhoud wanneer hulle afsterf. Dit dra by tot die vaslegging (sekwestrering) van CO₂ uit die atmosfeer in die grond, waar dit baie stabiel is. Trouens, dit is bekend dat die grond mikrobiom aansienlik meer koolstof uit die atmosfeer sekwestreer as wat plante kan. Verder dra die vaslegging van koolstof in die grond by tot die grond se gesondheid en vermoë om water op te gaar, wat op sy beurt weer voordelig is vir die waterverhouvermoë van die grond, asook die tempo waarteen water die grond kan infiltrer. Hoe beter die grond se waterverhouvermoë is en hoe vinniger die reënwater die grond infiltrer, hoe minder water loop weg en hoe effektiewer is die watersiklus. Voorts skei die bakterieë en arkeë groeihormone, groeireguleerders en aminosure af wat op hul beurt tot voordeel van die plant is. Voorwaar 'n ongelooflike verhouding tussen die plante en die grond mikrobiom.

Net soos die bakterieë en arkeë, is daar **swamme** in die grond wat in simbiose met die plantwortels lewe en is ook van die wortel afskeidings afhanklik is as hul bron van energie. Swamme is eensellige organismes wat aanmekaar geskakel is met behulp van 'n netwerk van **swamdrade** (ook bekend as hifes) (sien Foto 3). Sommige van hierdie swamme plant fisies in die wortels in, terwyl ander binne die wortelskedes geanker is. Omdat die swamme uit so 'n uitgebreide stelsel van swamdrade bestaan en of binne die wortels of wortelskede geanker is, vergroot dit effektief die oppervlakte waartoe die plant toegang het. Die swamme kan dus

voedingstowwe en water gaan haal en na die plant vervoer, waartoe die plant en die bakterieë en arkeë in die wortelskede nie toegang sou gehad het nie. Netso, skei sommige van die swamme antibiotikum af wat onvriendelike plant mikro-organismes in die grond elimineer en tot beter plant gesondheid lei. Laastens, speel hierdie swamme 'n baie belangrike rol in die boodskap stelsel wat in die grond plaasvind. Dit is nog nie bekend hoe die stelsel werk nie, maar wat ons tans weet is dat die mikrobiom tussen plante met mekaar kommunikeer, waarskynlik via biochemiese paaie. Hierdie kommunikasie bepaal of die verskillende komponente binne die mikrobiom bereid is om met mekaar hulpbronne, soos water, voedingstowwe, hormone, ensameer, uit te ruil. Hoe groter die verskeidenheid van plante wat voorkom, hoe groter is die verskeidenheid mikro-organismes en hoe beter is die samewerking tussen mekaar. Die teenoorgestelde is waar van eentonige plant-samestelling, waar die plante mekaar sien as kompetisie en nie hulpbronne gereedlik met mekaar uitruil nie.

Voorwaar net so 'n ongelooflike verhouding tussen sekere swamme en die plante waarmee hulle in simbiose lewe.

Foto 3: Netwerk van swamdrade of mikorriza (fyner strukture) wat in die plantwortels (dikker strukture) ingroei of binne die wortelskedes geanker is.

Foto: Aberdeen Mycorrhizae Research Group




Foto 1: Wortel uitskeidings

Foto: Phil Lee



Foto 2: Wortelskede rondom 'n graswortel

Foto: Louis du Pisan



Die boodskap om huis toe te neem, is die volgende:

- Hoe gesonder, groeikragtiger en biodiverser die plante bogronds is en hoe meer effektief dit fotosinteer, hoe meer energie is beskikbaar vir die grond mikrobiom.
- Hoe meer energie vir die grond mikrobiom beskikbaar is, hoe meer dienste bied dit vir die plant aan, soos beter watervoorsiening, meer voedingstowwe wat tot beter voerkwaliteit bydrae, beskerming teen patogeniese mikro-organismes, groeihormone en groeireguleerders. Die resultaat is plante wat gesonder is, maar wat ook meer voer van hoër gehalte produseer.
- Hoe gesonder, groeikragtiger en biodiverser die plante en hul grond mikrobiom is, hoe meer voer van hoër kwaliteit en teen minder wisselvalligheid is daar vir die vee beskikbaar. Dit bring besparings mee aan voerkoste, self tydens droogtes, terwyl die diere se produksie en die veld se dravermoë aansienlik bevoordeel word. Dit lei uiteindelik tot hoër en minder wisselvallige wins.
- Voorwaar 'n wenresep. Hierdie is die nuwe denkptraan waaraan veeboere gewoon sal moet raak as hulle volhoubaar wil bly. 'n Denkptraan wat al die komponente binne die weiding-ekosisteam in ag neem wanneer bestuursbesluite geneem word. ■

STOCKMAN BAKKIE RAILS



FOR THE
FARMER
WHO IS MORE
THAN JUST A
FARMER...

SINCE
1995

STOCKMAN: Cattle rails, Hunting accessories,

27 Years experience, Practical, Economical, Unbeatable quality

PROFESSIONAL FITMENT: Fitment by authorised agents

DIY ASSEMBLY: Our products' modular design makes them
easy to courier



YOUR BAKKIE DESERVES **STOCKMAN** BAKKIE RAILS!



www.stockmansa.com

C 083 700 9119
E henrietta@stockmansa.com

C 083 393 4311
E ludwig@stockmansa.com

C 071 604 3116
E martin@stockmansa.com

How can

SIMULATION TECHNOLOGY

assist farmers to deal with climate change?

Many species are threatened by the unprecedented challenge of climate change that threatens the balance of the global ecosystem. In addition to industrial factors such as the burning of fossil fuels, human activities which include deforestation and agriculture also contribute to the emission of green-house gases that cause climate change. The impact of climate change on agriculture are mainly due to an increase in ambient temperature and a decrease in precipitation. This negatively affects the quality and quantity of crop yields and subsequently the health and productivity

of livestock. High temperature additionally causes physiological heat stress which adversely affects feed intake and reproductive efficiency in cattle.

Developing countries are more likely to suffer from severe poverty due to the negative effects of climate change on food and agricultural production systems, mainly because they lack sufficient resources to implement mitigatory measures. Over the past five decades, extreme weather events in South Africa have become more frequent and average annual temperatures have increased by at least 1.5 times the global mean of 0.65°C.

